higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

MENSLIKE EN SOSIALE ONTWIKKELING
NKR VLAK 4

(5050104)

12 November 2018 (X-Vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 11 bladsye.

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Lees AL die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin elke vraag op 'n NUWE bladsy.
5. Skryf slegs met blou of swart ink.
6. Skryf netjies en leesbaar.

NSC

VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae verskaf. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1.1 Die 'waarom, wanneer, waar, wat, wie en hoe'-vraagstellingstegniek is deur ... ontwikkel.

A Rudyard Kipling
B Paulo Freire
C die Harvard Besigheidskool
D David Werner

1.1.2 ... -teorie is op psigo-emosionele ontwikkeling gegrond.

A Erikson se
B Fowler se
C Bowlby se
D Vygotsky se

1.1.3 'n Nasionale Diploma is op NKR-vlak …

A 4
B 10
C 8
D 6

1.1.4 Die DERDE vraagstellingsgroep wat die vier oopeindevrae gebruik om eie gedrag te ondersoek word ... genoem.

A waarneming
B voorspelling
C ontleding
D suggestie

1.1.5 Die 'T' in SWOT staan vir ...

A opleiding (training).
B bedreigings (threats).
C onderwyser (teacher).
D transformasie.

1.1.6 Om kritiese denke op 'n daaglikse grondslag toe te pas, moet 'n mens weet hoe om ... te gebruik.

A papegaaileer
B logika en redenasievermoë
C beklemtoonde woorde
D logiese sinne

Kopiereg voorbehou

1.1.7 Empatie in die werkplek teenoor ander is om goed te …

A praat.
B luister.
C werk.
D lei.

1.1.8 'n Keusevak word 'n ... genoem.

A kernvak
B fundamentele vak
C elektief
D oopeindevak

1.1.9 In hierdie stadium is 'n kind se gedagtes smeebaar en buigsaam, so h/sy word maklik beïnvloed deur spirituele konsepte wat onderrig word:

A Stadium 0: Primale geloof
B Stadium 1: Intuïtiewe projektiewe geloof
C Stadium 2: Mities-letterlike geloof
D Stadium 3: Sinteties-konvensionele geloof

1.1.10 Die sentrale senuweestelsel beheer funksies van die ...

A liggaam en spiere.
B verstand alleen.
C liggaam en verstand.
D liggaam alleen.

(10 × 1) (10)

1.2 Die 'But Why'-metode wat deur David Werner ontwikkel is, is 'n noodsaaklike instrument om te gebruik om krities te dink.

1.2.1 Verduidelik kortliks hoe om die 'But Why'-metode van kritiese denke toe te pas. (2 × 2) (4)

1.2.2 Hoe bevorder die bostaande vraagstellingsmetode kritiese denke? (2 × 1) (2)

1.2.3 Noem TWEE voordele daarvan om 'n kritiese denker te wees. (2)

1.2.4 Waarom reageer sommige mense negatief daarop wanneer kritiese vrae gestel word? (3 × 1) (3)

1.2.5 Volgens Bloom se taksonomie is regverdiging 'n kognitiewe vaardigheid.

Noem VYF ander tipes kognitiewe vaardighede wat by kritiese denke betrokke is. (5)

Kopiereg voorbehou

1.2.6 Beskryf VYF KKVU's ('CCFO's) wat by leer geïnkorporeer moet word. (5 × 2) (10)

1.2.7 Motiveer die belangrikheid van KKVU's in studente se leer en deelname. (2 × 2) (4)

[40]

VRAAG 2

2.1 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (2.1.1–2.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

2.1.1 Deur bloot 'n opinie te lug is genoeg om 'n oortuigende argument te ontwikkel.

2.1.2 Psigomotoriese ontwikkeling behels die aanleer van nuwe vaardighede wat verstandelike en fisiese optrede vereis.

2.1.3 In Zohar se assessering van die spirituele kwosiënt word geen verwysing na religieuse oortuigings of praktyke gemaak nie.

2.1.4 SAKO verseker dat die NKR behoorlik toegepas word.

2.1.5 VOO is deur TBOO vervang.

2.1.6 Die SWOT-ontleding kan slegs deur mense wat 'n besigheid bedryf gebruik word.

2.1.7 'n Klassifikasiestelsel vir vlakke van kognitiewe denke word 'n SWOT-ontleding genoem.

2.1.8 Die kwalifikasietipe vir vlak 1 van die NKR is 'n Algemene Onderwys-en-Opleidingsertifikaat.

2.1.9 'n Bronnelys word aan die begin van die skryf van 'n argument vereis.

2.1.10 Witskrif 6 is 'n onderwysbeleid.

(10 × 1) (10)

Kopiereg voorbehou

2.2 Lees die scenario hier onder en beantwoord die vrae.

Samson is drie jaar oud. Sedert hy 'n baba was het hy dieselfde VKO-sentrum met dieselfde VKO-praktisyns besoek. Samson is bly om die VKO-praktisyns te sien wanneer hy daar aankom en groet sy ma wanneer sy hom daar los. Hy hardloop na die mat waar een van die VKO-praktisyns vir die ander kinders 'n storie lees.

Later die middag wanneer sy ma hom kom haal, hardloop Samson glimlaggend na haar toe. Hy waai vriendelik vir die VKO-praktisyns wanneer hy saam met sy ma vertrek.

2.2.1 Noem die tipe gehegtheid wat Samson met sy ma en die VKO-praktisyns gevorm het. (1)

2.2.2 Beskryf die tipe gehegtheid wat in VRAAG 2.2.1 genoem is. (3 × 1) (3)

2.2.3 Verduidelik wat die VKO-praktisyns doen om die tipe gehegtheid wat Samson ervaar te ondersteun. (2 × 2) (4)

2.2.4 Noem VIER ontwikkelingsaktiwiteite wat Samson op sy ouderdom volgens Piaget se kognitiewe ontwikkelingsteorie behoort te kan doen. (4)

2.2.5 Dui aan wat die VKO-praktisyns moet doen om Samson se kognitiewe ontwikkeling te ondersteun. (4 × 1) (4)

2.2.6 Verduidelik Kohlberg se teorie van prekonvensionele moraliteit kortliks. (2)

2.2.7 Gee SES riglyne oor hoe die VKO-praktisyns Samson se morele ontwikkeling op sy ouderdom kan ondersteun. (6)

2.2.8 Noem TWEE fisiese aktiwiteite wat Samson volgens die mylpale op die ouderdom van drie jaar reeds moes bemeester het. (2)

2.2.9 Hoe kan die VKO-praktisyns Samson se fisiese ontwikkeling ondersteun? (4 × 1) (4)

[40]

VRAAG 3

3.1 Kies 'n beskrywing uit KOLOM B wat by 'n term in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–K) langs die vraagnommer (3.1.1–3.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
3.1.1	SWOT-ontleding	A	teorie van spirituele ontwikkeling
3.1.2	Fowler	B	emosionele kwosiënt
3.1.3	Goleman	C	'n lys bronne wat in navorsing gebruik is
3.1.4	Handves van Regte	D	afbreek van grense tot deelname
3.1.5	Bibliografie	E	motoriese ontwikkeling
3.1.6	Gesell	F	deur die Harvard Besigheidskool ontwikkel
3.1.7	David Werner	G	deur mense nie as gelykes te hanteer nie
3.1.8	Erikson	H	maak deel uit van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika 1996
3.1.9	Insluiting	I	basiese vertroue teenoor wantroue
3.1.10	Ongelykheid	J	sosiale kwosiënt
		K	omvang van oorsake

(10 × 1) (10)

3.2 Lees die scenario hier onder en beantwoord die vrae.

Zanele is ses jaar oud en in 'n rolstoel. Haar ouers voorsien in haar basiese behoeftes van versorging, voeding en liefde. Zanele sukkel egter om by haar klaskamer in die skool uit te kom omdat haar klas op die tweede vloer is en daar nie 'n hysbak is nie.

3.2.1 Noem en verduidelik die tipe ekstrinsieke hindernis wat in die gevallestudie genoem word. (2)

3.2.2 Bespreek TWEE maniere waarop die onderwysers by die skool die ekstrinsieke hindernisse wat Zanele ervaar kan oorkom. (2 × 2) (4)

3.2.3 Noem EEN manier waarop die onderwyser Zanele tydens assessering kan tegemoetkom. (1)

3.2.4 Noem TWEE regte waarop Zanele geregtig is en wat in die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika 1996 uiteengesit word. (2)

3.2.5 Verduidelik hoe Witskrif 6 kinders soos Zanele ondersteun. (4 × 1) (4)

3.2.6 Waarom is dit belangrik dat Zanele se onderwyser oor 'n hoë emosionele kwosiënt moet beskik wanneer sy met Zanele werk? (3 × 1) (3)

3.2.7 Hoe kan die onderwyser Zanele ondersteun om haar sosiale kwosiënt te ontwikkel? (4 × 1) (4)

3.2.8 'Een van die beginsel van die Grondwet is om 'n omgewing te skep wat waardigheid en respek bevorder.'

Verduidelik hoe die tipe omgewing in 'n klaskamer geskep kan word om die bostaande te bevorder. (5 × 2) (10)

[40]

VRAAG 4

4.1 Gee EEN term vir elk van die volgende beskrywings deur dit uit die lys hier onder te kies. Skryf slegs die term langs die vraagnommer (4.4.1–4.4.4) in die ANTWOORDBOEK neer.

Alfred Binet; pedagogie; kurrikulum; reflekse; fisies; sosiale kwosiënt; suggereer; intellektuele kwosiënt; vier oopeindevrae; waarneem; persepsie; verdraagsaamheid; spot

4.1.1 'n Metode wat deur Paulo Freire ontwikkel is om kritiese vrae te vra

4.1.2 Het 'n toets ontwikkel om verstandelike vermoëns te assesseer

4.1.3 Dui aan hoe goed individue op interpersoonlike verhoudings reageer

4.1.4 Die vierde en laaste groep vraagstelling waarin die vier oopeindevrae gebruik word om iemand se gedrag te ondersoek

4.1.5 Verwys na die inhoud wat onderrig word

4.1.6 Die brein se vermoë om van inligting sin te maak

4.1.7 'n Kognitiewe tipe menslike intelligensie

4.1.8 Die eerste bewegings wat pasgebore babas maak wat hulle help om te oorleef

4.1.9 Verwys na die benadering wat ons gebruik om te onderrig

4.1.10 Die bereidheid om mense wat van jou verskil te aanvaar en te verdra

(10 × 1) (10)

Kopiereg voorbehou

4.2 Lees die scenario hier onder en beantwoord die vrae.

Ayanda het onlangs haar Vlak 4 Onderwys-en-Opleidingskwalifikasie voltooi en het as 'n Graad R onderwysassistent by 'n primêre skool begin werk. Die onderwyser gebruik die tradisionele onderwysbenadering eerder as die UGO-benadering.

4.2.1 Vergelyk die UGO-benadering met die tradisionele benadering. (3 × 2) (6)

4.2.2 Noem die fundamentele vakke wat Ayanda vir haar Vlak 4-kwalifikasie voltooi het. (3)

4.2.3 Noem die kernvakke wat Ayanda vir haar Vlak 4-kwalifikasie voltooi het. (3)

4.2.4 Noem die vak wat Ayanda vir haar Vlak 4-kwalifikasie gekies het wat sy voltooi het. (1)

4.2.5 Verduidelik hoe die Nasionale Kwalifikasieraamwerk (NKR) werkgewers bevoordeel. (3 × 1) (3)

4.2.6 Noem VIER beginsels van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika 1996 wat in die Nasionale Kurrikulumverklaring ingesluit is. (4)

4.2.7 Wat is die verskil tussen Kritieke Kruisvelduitkomste en Ontwikkelingsuitkomste? (2)

4.2.8 Verduidelik VIER ontwikkelingsuitkomste wat vir die persoonlike ontwikkeling van studente oorweeg moet word. (4 × 2) (8)

[40]

VRAAG 5

5.1 Kies 'n beskrywing uit KOLOM B wat by 'n term in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–F) langs die vraagnommer (5.1.1–5.1.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
5.1.1	Grondlynassessering	A	om leerders se moontlike leerstruikelblokke te identifiseer
5.1.2	Formatiewe assessering	B	assessering wat aan die einde van die jaar gedoen word
5.1.3	Sommerende assessering	C	om studente se belangstellings te assesseer
5.1.4	Diagnostiese assessering	D	om studente se vordering deur die jaar te assesseer
5.1.5	Waarneming	E	om te assesseer wat studente reeds weet en kan doen
		F	om die onderwysstelsel as 'n geheel te monitor

(5 × 1) (5)

5.2 Voltooi die tabel hier onder deur die ontbrekende woord langs die vraagnommer (5.2.1–5.2.5) in die ANTWOORDBOEK te skryf.

NKR-vlak	Band	Kwalifikasietipe/Grade
7 6 5	(5.2.1) ...	(5.2.2) ...
4 3 2	(5.2.3) ...	(5.2.4) ...
	Algemene Onderwys en Opleiding	(5.2.5) ...

(5 × 1) (5)

5.3 Lees die waarneming hier onder en beantwoord die vrae.

Datum:	1 November 2018
Tyd:	13:15
Kind:	Pumza
Kind se ouderdom:	4 jaar
Volwassene:	VKO-praktisyn
Inhoud:	Blokkies op 'n aktiwiteitstafel

Waarneming

Pumza pak blokkies op mekaar. Die VKO-praktisyn speel langs Pumza, en pak ook blokkies op mekaar. Pumza se toring stort inmekaar.
Die VKO-praktisyn sê: 'Ek wonder waarom jou toring omgeval het en myne nie?'
Pumza verduidelik: 'Omdat myne hoër is as joune'
Die VKO-praktisyn vra vir Pumza: 'Wat dink jy moet jy anders doen sodat dit nie omval nie?'
Pumza sê: 'Sit dit hierdie kant' (Pumza wys na die VKO-praktisyn se blokkies)

5.3.1	Watter tipe vrae het die praktisyn vir Pumza gevra?	(1 × 2)	(2)
5.3.2	Waarom is dit belangrik dat VKO-praktisyns die tipe vraag wat in VRAAG 5.2.1 genoem is aan kinders vra?	(4 × 1)	(4)
5.3.3	Verduidelik Vygotsky se teorie oor kognitiewe onwikkeling deur na die gevallestudie te verwys.	(5 × 1)	(5)
5.3.4	Noem VYF tipes ervarings van die VKO-praktisyn moet bevorder om Vygotsky se teorie van kognitiewe ontwikkeling te bevorder.		(5)
5.3.5	Verduidelik DRIE doelstellings van Witskrif 5 met verwysing na Vroeëkinderontwikkeling.	(3 × 2)	(6)
5.3.6	Gee VIER redes waarom veranderinge na 1994 in die Suid-Afrikaanse onderwysstelsel nodig was.	(4 × 2)	(8)
			[40]

TOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou